



### Wat is jou beleggingsfilosofie?

IN hierdie artikel verskuif die fokus na beleggingsfilosofie. Daar is wesenlik twee kampe as dit by beleggings kom, die waardasie-fokus en die momentum-fokus.

Die beleggers wat op waardasie fokus, poog om bates te koop vir minder as wat dit werd is. Van tyd tot tyd reageer die markte op nuusgebeure, bv. wêreld resessie, en dan word bates verkoop op grond van mediaberigte en toekomstige verwagtinge. In sulke tye koop waarde-beleggers die bates wat verkoop word want hul weet bates word verkoop vir minder as wat dit werd is. Hul koop dus tien rand note vir vyf rand omdat die markdeelnemers op grond van berigte en verwagtinge glo R 10 is slegs R 5 werd as gevolg van irrasionele denke.

Momentum-gedrewe beleggers is die persone wat wel na nuus berigte luister. Hulle bou dus hul beleggings op verwagte gebeurtenisse. Momentum is gedrewe deur deelname. Hoe meer mense deelneem, hoe groter is die momentum. Sulke aankope is gebaseer op geskiedkundige opbrengste en die verwagting dat dit sal volhou in die toekoms. Byvoorbeeld toe almal die einde van die wêreld verwag het gedurende die mees onlangse bankskandaal in die VSA en die wêreldwye resessie.

Die beste manier om hierdie twee te vergelyk is met 'n treinrit. Die waarde-belegger identifiseer die waarde van 'n treinrit teenoor motor vervoer, goedkoper, vinniger en geen verkeer. So, die belegger klim op die trein by die eerste stasie. By die tweede stasie klim nog 'n waarde-belegger op en terwyl hul ry plaas hy die foto's en opmerkings oor sy treinrit op *facebook*. By die derde stasie wag daar 'n groep mense wat die *facebook* boodskap gesien het. By elke stasie klim daar net meer en meer mense op, dus raak die trein swaarder en die momentum raak meer. Later begin die mense elke spatie moontlik binne die trein vul. Op hierdie punt besluit die waarde-beleggers dat hul ver genoeg gevorder het en dat die ongerief van 'n oorvol trein nie meer waarde bied nie dus, klim hulle af by die volgende stasie waar daar nog mense opklim. Teen hierdie tyd hang mense al buite die trein.

Die masjinis maak 'n aankondiging en sê die trein is te swaar gelaai en dit plaas stremming op die remme. By die volgende stasie is daar meer mense wat opklim as wat die trein verlaat. Die masjinis maak dieselfde aankondiging en die passasiers raak paniekerig. By die volgende stasie probeer almal gelyktydig afklim. Maar ongelukkig is die trein deure te klein. Toe die trein wegtrek begin mense willens en wetens afspring en die masjinis kondig af die remme werk glad nie. Dit veroorsaak pandemonium en almal probeer dieselfde tyd afspring. Daar is mense net waar jy kyk en die paar wat dit nie maak nie word vasgevang in die trein trok.

So die waarde-belegger koop bates wanneer dit onderwaardeer is. Die momentum belegger koop bates wanneer dit die beste geskiedkundige opbrengs gelewer het en almal koop. Al ooit 'n fonds gekoop wat nommer een was of 'n aandeel wat die beste opbrengs oor die vorige jaar gelewer het? Wel, dan is jy in die momentum kamp en ek sou voorstel wees versigtig, want soos Newton gesê het, "Alles wat opgaan moet een of ander tyd afkom."

Ek stel voor jy leer eerder die fondsbestuurder en sy prosesse of die bestuur van die maatskappy en die fundamentele waarde van die aandeel ken, as wat jy jou keuses op geskiedkundige opbrengste fokus. Baie beleggers is tans nog in geldmark belê op grond van geskiedkundige opbrengste.

Een van die mees befaamde beleggers *Warren Buffet* som dit die beste op met die volgende stelling: "Wees gierig as ander beleggers paniekerig is en wees paniekerig wanneer ander gierig is." Anders gestel, wanneer almal n spesifieke aandeel of bateklas koop is dit dalk tyd om stroomop te wees en te begin oorweeg om te verkoop en die teenoorgestelde. Dit klink eenvoudig maar hou dit altyd byderhand.